# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 11 December 1981 — WINDHOEK — Vrydag 11 Desember 1981 — No. 4563

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. AG. 159 Appointment of Commission of Inquiry into public holidays in South West Africa. 1

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTKENNISGEWING:**

No. AG. 159 Aanstelling van Kommissie van Ondersoek na openbare feesdae in Suidwes-Afrika. 1

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 159 — 1981

APPOINTMENT OF COMMISSION OF INQUIRY INTO PUBLIC HOLIDAYS IN SOUTH WEST AFRICA

It is hereby notified for general information that the Administrator-General has been pleased to appoint a Commission of Inquiry into Public Holidays in South West Africa with the following terms of reference:

1. To inquire into and make recommendations regarding the establishment of public holidays for the territory of South West Africa.

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 159 — 1981

AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA OPENBARE FEESDAE IN SUIDWES-AFRIKA

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur-generaal behaag het om 'n Kommissie van Ondersoek na Openbare Feesdae in Suidwes-Afrika aan te stel met die volgende opdrag:

1. Om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor die instelling van openbare feesdae vir die gebied Suidwes-Afrika.

2. In view of the inquiry the Commission is requested to:

2.1 Determine in particular which public holidays will best serve the needs and interests of the community.

2.2 Pay special attention to which public holidays should be non-business days within the meaning of any law relating to bills of exchange and promissory notes.

2.3 Pay attention to the desirability of placing limitations on particular activities on particular public holidays and the nature of such limitations.

2.4 Pay attention to new legislation which may be necessary with reference to public holidays.

3. The Commission is authorized to investigate and to take into consideration any other matters which in its opinion may be connected herewith and assist it in making recommendations, including the history of the territory and the culture of its communities.

4. The Comission shall consist of:

Mr. W.H. Visser, Chief Magistrate of Windhoek, as chairman and only member.

5. Interested persons and bodies wishing to give evidence before the Commission are invited to submit for this purpose complete memoranda in duplicate, typed in double spacing, in one of the official languages, not later than 31 January 1982 to the Secretary, Comission of Inquiry into Public Holidays, c/o Department of Civic Affairs and Manpower, Private Bag 13200, Windhoek, 9000, or Room 30, Cohen Building, c/o Kaiser and Kasino Streets, Windhoek.

2. Met die oog op die ondersoek word die Kommissie versoek om:

2.1 In die besonder te bepaal watter openbare feesdae die beste die behoeftes en belange van die gemeenskap sal dien.

2.2 Besondere aandag te skenk aan watter openbare feesdae nie-besigheidsdae binne die bedoeling van enige wet met betrekking tot wissels en promesses behoort te wees.

2.3 Aandag te skenk aan die wenslikheid om beperkings te plaas op bepaalde bedrywighede op bepaalde openbare feesdae en die aard van sodanige beperkings.

2.4 Aandag te skenk aan nuwe wetgewing wat met betrekking tot openbare feesdae nodig mag wees.

3. Die Kommissie word gemagtig om enigiets verder te ondersoek en in oorweging te neem wat na sy oordeel hiermee mag saamhang en van hulp mag wees om aanbevelings te maak, met inbegrip van die geskiedenis van die gebied en die kultuur van sy gemeenskappe.

4. Die Kommissie bestaan uit:

Mnr. W.H. Visser, Hooflanddros van Windhoek, as voorsitter en enigste lid.

5. Belanghebbende persone en instansies wat getuienis voor die Kommissie wil aflê word versoek om volledige memoranda in dubbelspasiëring getik vir die doel in een van die amptelike tale in tweevoud nie later nie as 31 Januarie 1982 by die Sekretaris, Kommissie van Ondersoek na Openbare Feesdae, p/a Departement van Burgersake en Mannekrag, Privaatsak 13200, Windhoek, 9000, of Kamer 30, Cohen-gebou, h/v Kaiser- en Kasinostraat, Windhoek, in te dien.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa